HOËRSKOOL RANDBURG

26 Oktober 2022

Algemene Oueromsendbrief 27 No van 2022

Geagte Ouers/Voogde

Na aanleiding van die Algemene Jaarvergadering wat plaasgevind het op 24 Oktober 2022, gee ons graag die volgende inligting aan u deur.

Die skoolgelde vir 2023 is vasgestel op R34 800.00 per leerder en is soos volg betaalbaar:

1. 'n Eerste paaiementbetaling, (R3 480.00) wat deel vorm van die skoolgelde vir 2023, is betaalbaar voor of op 30 November 2022.
2. Indien u die volle skoolgelde vir 2023 voor of op 31 Desember 2022 betaal, ontvang u 'n kontantafslag van R3 000.00.
3. Indien u die volle skoolgelde vir 2023 voor of op 28 Februarie 2023 betaal, ontvang u 'n kontantafslag van R1 900.00.
4. Skoolgelde is betaalbaar op die 1ste van elke maand in 10 gelyke paaiemente vanaf 1 Januarie tot 1 Oktober 2023. (Die betaling wat u in November 2022 lewer - vereffen 1 Januarie 2023 se skoolgeldpaaiement.)
5. Bankbesonderhede is soos volg: Hoërskool Randburg; ABSA; Rek 170680065; Takkode 632005.
6. EFT betalings (**Gr 8 – 12**) gebruik asb die **Familiekode en van** as betalingsverwysing soos op die rekeningstaat. Indien u twyfel stuur epos aan debiteure@hsrandburg.co.za, mev E van Rooyen.
7. Indien u die skoolgelde per debietorder wil betaal, moet u 'n debietordemagtigingsvorm voltooi. Stuur 'n epos aan debiteure@hsrandburg.co.za en ons sal die vorm aan u stuur, of u kan dit afhaal by mev E van Rooyen in die Finansieskantoor.

Die volgende is ingesluit in die skoolgelde vir 2023:

- alle vereiste akademiese opleiding;
- vervoer na alle amptelike akademiese, sport- en kultuurekskursies binne 100km radius;
- weeklikse ekstra klasse soos geskeduleer;
- sport- en kultuurafrigting;
- naskoolsentrum met Internetkafee;
- sentrum vir Akademiese Uitnemendheid (eerste sielkundige konsultasie);
- basiese sporttoerusting (spanverband);
- Gratis WI-Fi vir almal.

TEL: (011)782 6226/7 • FAKS: 0866 517 902 • Malibongwe Rylaan • Posbus 77252, Fontainebleau, 2032
EPOS: hsrandb@global.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

Die volgende is uitgesluit in die skoolgelde vir 2023:

- skoolklere en sportdrag;
- handboeke en leermateriaal;
- verbruikersitems vir take;
- sosiale skoolfunksies;
- materiaal vir praktiese vakke;
- toer- en/of kamp- en kursusgelde;
- sakrekenaars en tekenapparaat;
- naskoolse individuele ekstra klasse – Let wel: groepsklasse is gratis;
- professionele afrigtersfooi – bo-en-behalwe normale afrigtingskoste vervat in begroting;
- langafstandvervoer – verder as 100km;
- persoonlike voorkeur sport-toerusting bv. krieketkolf, spykerskoene, ens.;
- persoonlike/individuele kondisionerings- en ontwikkelingsfooie. (Sport & Kultuur aktiwiteite.)

Aansoek om vermindering van skoolgelde kan in **Januarie 2023** gedoen word. Hierdie aansoeke sluit op **28 Februarie 2023.** Vorms moet persoonlik by die kantoor afgehaal en ingehandig word. Geen fakse of e-posse word aanvaar nie.

Vriendelike Randjiegroete.



P BOOYSEN: Hoof
011 782 6226

T KNOETZE: Adjunkhoof
E-Pos: hsrandb@global.co.za